

# GELOFTE SKOOL

PRIMÊRE AFDELING

Akademiese inligting vir leerders



Kontroletoeets- en  
eksamenroosters

## GRAAD 4 – 7

2020

## **FORMELE ASSESSERING GEDURENDE DIE KWARTAAL**

- Gedurende elke kwartaal sal daar geskeduleerde assessering plaasvind.
- Hierdie assesserings sal saam met kontroletoeitse en eksamens tel vir 'n kwartaalpunt.
- Die assesserings gedurende 'n kwartaal sal vooraf aan elke leerder in die vorm van 'n assesseringskalender gegee word, sodat ouers ingelig is oor enige komende assessering in 'n sekere vak.
- Hierdie assesserings kan in die vorm van toetse, klasopdragte, huiswerkopdragte, take, projekte of modelle voorkom.
- Net soos eksamens en kontroletoeitse, moet hierdie assesserings gedoen word. Leerders wat afwesig was moet dit so vinnig moontlik inhaal.

## **KONTROLETOETSE**

Graad 4 TOT 7 leerders skryf kontroletoeitse vir die eerste drie kwartale van die jaar.

Kontroletoeitse word op Donderdae of by uitsondering, op ander dae geskryf, soos met ouers gereël.

Kontroletoeitsroosters vir die hele jaar word aan die begin van die jaar aan die leerder uitgedeel en op die skool se webblad geplaas.

Leerders sal twee weke voor die toets in kennis gestel word van die werk waarvoor die toets sal handel en die toets moet die volle 60 minute duur. Die toets moet binne vyf dae na afloop daarvan nagesien wees, aan die leerders teruggegee word en die uitslae met die leerders bespreek word.

Leerders mag GEEN ander klastoets skryf op die dag wat kontroletoeitse afgelê word nie.

Kontroletoeitse in alle vakke vir alle grade is verpligtend.

Die volgende vakke het nie elke kwartaal kontroletoeitse nie:

- Lewensvaardighede (gr 4 – 6 nie in die eerste en derde kwartaal nie )
- SK (graad 7 skryf nie kontroletoeitse nie)
- LO (graad 7 skryf nie kontroletoeitse nie).

## **AFWESIGHEDE TYDENS KONTROLETOETSE**

1. 'n Brief/mediese-sertifikaat van die ouer/voog moet binne **DRIE DAE** aan die betrokke graadvoog by die leerder se terugkeer na die skool, getoon word. Indien hierdie spertyd nie nagekom word nie, kan die leerder gepenaliseer word vir minagting op die de-merietestelsel.
2. Die betrokke kontroletoeits sal dan op die eerste **Dinsdag tydens akademiese-middag** geskryf word. In buitengewone omstandighede sal die leerder wat nie die Dinsdag die toets kan skryf nie, op die **daaropvolgende Dinsdag** skryf. Indien hierdie geleenthede verbeur word, sal die leerder 'n **nul** vir die betrokke toets ontvang.
3. In buitengewone gevalle, byvoorbeeld dood, bywoning van begrafnisse of ernstige siekte sal die finale besluit by die skoolhoof berus.

## KONTROLETOETS INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Stiptelikheid. Die klok lui om 07:30. Leerders gaan onmiddellik na die voogklas.
2. 'n Leerling wat laat by die klaskamer opdaag, moet eers seker maak of hy/sy nie ingeteken moes word nie.
3. Skryfbehoeftes. Pen, ekstra pen, potlood, uitveër, liniaal, skerpmaker en BAIE BELANGRIK, eie sakrekenaar (slegs indien dit gebruik mag word).
4. Niemand mag skryfbehoeftes oor en weer leen nie.
5. Alle netheidsreëls geld. (Hare, naels en skooldrag.)
6. Leerders moet 'n tas of lêer tussen hulle hê om te verhoed dat iemand afkyk.
7. Leerders mag nie kussings of komberse saambring skool toe nie.
8. Absolute stilte moet heers terwyl vraestelle uitgedeel word.
9. Geen leerder mag met 'n ander leerder praat of kommunikeer nadat die vraestelle uitgedeel is nie.
10. Geen leerder mag afkyk of van enige vorm van notas afskryf nie.
11. Leerlinge moet vir die volle duur van die sessie sit en mag niemand steur nie.
12. Geen ekstra tyd word toegelaat nie, behalwe waar skriftelike toestemming deur die Departement verleen is.
13. Afwesighede: Sien bl.2 onder kontroletoeeste

## UITEENSETTING VAN EKSAMENVRAESTELLE

- |  |                                   |
|--|-----------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Afrikaans</b></li></ul> | <b>Graad 4 – 7:</b>               |
|  | : Vraestel 1 Stelwerk             |
|  | : Vraestel 2 Begripstoets en taal |

\*Mondeling word gedurende kwartaal in klas geassesseer.

- |   |                               |
|---|-------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Engels Eerste Addisionele Taal</b></li></ul> | <b>Graad 4 – 7</b>            |
|   | : Paper 1 Creative writing    |
|   | : Paper 2 Language in context |

\*Oral assessment is done in class during the term.

- |   |  |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Wiskunde</b></li></ul> | <b>Graad 4 – 7</b>   |
|   | : Vraestel 1 Afdelings wat tydens die eksamen                  |
|   | : Vraestel 2 gevra gaan word, sal in die afbakening gegee word |

- |  |                          |
|--|--------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Sosiale wetenskappe</b></li></ul> | <b>Graad 4 – 7</b>       |
|  | : Vraestel 1 Geografie   |
|  | : Vraestel 2 Geskiedenis |

- Afrikaans se stelwerk-, Engels se creative writing- en gr.7 se LO-vraestelle sal voor die Junie- en November eksamen geskryf word.

- Gr. 4 – 6 sal nie Lewensvaardighede in die Junie-eksamen skryf nie, maar wel in die November-eksamen
- Gr.4 – 6 se Natuurwetenskap en Tegnologie sal in een vraestel gevra word.
- Gr.7 Natuurwetenskap en Tegnologie sal in twee aparte vraestelle gevra word.

## **AFWESIGHEDE TYDENS JUNIE EKSAMEN**

1. Ouers moet die skool die oggend van die betrokke vraestel in kennis stel indien die leerder nie die betrokke dag in staat is om die eksamen af te lê nie.
2. Die leerder moet by terugkeer na die skool 'n mediese sertifikaat/brief van die ouer aan die persoon in beheer van die eksamen toon.
3. Enige uitstaande vraestelle, insluitende die stelwerkeksamens, moet afgelê word gedurende die **eksamen, in die sessies wat wissel van 10:30 – 12:00 of 12:30 – 14:00 of op die eerste beskikbare blokdag. Indien daar nie blokdae beskikbaar is nie sal daar spesiale tye met die ouer gereël word. Die ouer en leerder sal vroeëtydig in kennis gestel word.**

## **EKSAMENINSTRUKSIES AAN LEERDERS**

### **SELFONE EN TASSE**

1. Leerders moet selfone afskakel en dit in hulle tas los tydens 'n eksamen.  
(Leerders moet verkieslik selfone by die huis los.)
2. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige besittings wat wegraak nie.
3. Tasse mag nie tydens die eksamen by die leerder se tafel staan nie.  
Tasse moet tydens die eksamen voor of agter in die klas gesit word.
4. Geen SLIM-horlosies ('SMART-watch') mag tydens die eksamen gedra word nie.

### **LEERLINGE**

14. Die klok lui om 07:30. Leerders gaan onmiddellik na die voogklas.
15. 'n Leerling wat laat by die klaskamer opdaag, moet seker maak dat hy/sy eers by die kantoor ingeteken is.
16. Handboeke **moet**, op die dag waarop **die betrokke vak** geskryf word, ingehandig word.  
**Handboeke wat laat is, moet so gou moontlik by die vakonderwyser ingegee word.**
17. **'n Leerder sal nie 'n rapport ontvang voor hy/sy nie al sy/haar handboeke ingehandig het nie. Handboeke wat weg of beskadig is, moet eers by die finansiëlekantoor betaal word. Bewys van betaling moet aan die vakonderwyser gegee word.**
18. Skryfbehoeftes soos: Pen, ekstra pen, potlood, uitveër, liniaal, skerpmaker, gradeboog, passerstel en BAIE BELANGRIK, eie sakrekenaar (slegs indien dit gebruik mag word) moet saamgebring word.
19. Alle netheidsreëls geld. (Hare, naels en skooldrag.)  
Leerders wat nie aan die reëls voldoen nie, sal nie toegelaat word om te skryf nie.
20. Geen sakke, tasse of selfone mag by die leerder se bank wees nie. Dit word alles voor of agter in die klas neergesit. (Selfone moet af wees en binne in die leerders se tas gebêre word.)
21. Leerders mag geen SLIM-horlosie ('SMART-watch') aanhê tydens die eksamen nie. (Dit moet soos 'n selfoon in die tas gebêre word.)
22. Niemand mag skryfbehoeftes oor en weer leen nie.
23. Geen **kussings of komberse mag** saamgebring word na die eksamenlokaal toe nie.
24. Absolute stilte moet heers tydens die eksamensessie.

25. Geen leerder mag met 'n ander leerder praat of kommunikeer nadat die vraestelle uitgedeel is nie.
26. Geen leerder mag afkyk of van enige vorm van notas afskryf nie.
27. **Indien iemand wat oneerlik is uitgevang word:**
  - Word die antwoordstel weggeneem. Bewyse word ook ingeneem.
  - 'n Nuwe antwoordstel word aan die leerling gegee.
  - Die leerling mag weer begin, maar kry net die oorblywende tyd om te skryf.
  - Die departementshoof sal in kennis gestel word en die saak verder hanteer.
28. Leerlinge moet vir die volle duur van die sessie sit en mag niemand steur nie.
29. Geen ekstra tyd word toegelaat nie, behalwe waar skriftelike toestemming deur die Departement verleen is.
30. Indien daar 'n vraag is wat leerlinge nie verstaan nie, kan 'n leerder vra om na die vakonderwyser te gaan om die probleem op te los.
31. Toiletbesoeke sal tot 'n minimum beperk word. Leerders moet voor die sessie begin toilet toe gaan.
32. Indien 'n leerder siek word tydens 'n eksamensessie, sal die adjunkthoof gekontak word.
33. Leerders wat tydens die eksamen by die skool agterbly, moet die volgende dag se handboek en opsommings saambring om in die klas van 10:30 tot 13:45, te leer.
34. Leerders mag klein lekkertjies eet wat nie in papier toegedraai is of raas of taai is nie.  
**GEEN HARDE LEKKERS MAG GEKOU WORD NIE.**
35. Indien 'n leerder tuis bly as gevolg van siekte of dood in die familie, moet die ouer die skool kontak. 'n mediese sertifikaat moet die leerling vergesel wanneer hy/sy terug is by die skool. **Alle vraestelle moet ingehaal word.**
36. **Afwesighede:** Leerders moet met die betrokke vakonderwysers reël om vraestelle in te haal. Die leerder kan dit op 'n BLOK DAG of enige ander dag (10:30 – 12:00 of 12:30 – 14:00) tydens die eksamen kom skryf.
37. **Alle uitstaande vraestelle moet voor die einde van die eksamen geskryf wees.**

### **WANGEDRAG TYDENS TOETSE EN EKSAMENS**

'n Leerder is skuldig aan wangedrag indien hy/sy:

- opsetlik 'n instruksie van die toesighouer verontagsaam;
- enige ongemagtigde materiaal in die eksamenlokaal inbring;
- op enige wyse met enige ander leerder in die eksamenlokaal kommunikeer;
- enige ander leerder in die eksamenlokaal help;
- probeer om enige ander persoon in die eksamenlokaal te intimideer;
- probeer om enigiemand om te koop;
- onordelik in die toets-/eksamenlokaal optree;
- homself/haarself aan onreëlmatige of ongemagtigde gedrag ten opsigte van vraestelle of antwoordstelle skuldig maak.

Indien 'n leerder enige vorm van wangedrag openbaar tydens 'n eksamen/toets, het die skoolhoof die bevoegdheid om die betrokke leerder die vraestel op dieselfde dag, maar tydens 'n later sessie te laat skryf.

## **REKORDHOUDING EN RAPPORTERING**

1. Sewe bevoegdheidsvlakke is vir die vakke wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 genoem word beskryf. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende prestasiebeskrywings word hieronder getoon.

<b>Prestasieskaal vir die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 4-6</b>		
<b>PRESTASIEVLAK</b>	<b>PRESTASIEBESKRYWING</b>	<b>PUNTE %</b>
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienselike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikende prestasie	0 – 29

2. Hierdie beskrywing is bedoel om onderwysers te help om leerders te assessee en om hulle op die regte vlak te gradeer.
3. Onderwysers moet die leerder se prestasie as punte aanteken en as persentasie rapporteer.
4. Die persentasie behaal sal bepaal watter prestasievlak op die prestasieskaal aan die leerder toegeken word.

### **BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 4 - 6:**

1. Graad- tot- graad- bevordering binne die toepaslike ouderdomsgroep sal die aanvaarde norm wees indien die leerder nie die gewenste vordering in die daarop volgende graad toon nie.
2. Die volgende dien as riglyne om 'n leerder se vordering in graad 4 tot 6 in die Intermediêre Fase te bepaal:
  - i. Voldoende Prestasiebeskrywing (vlak 4) in Afrikaans.
  - ii. Matige Prestasiebeskrywing (vlak 3) in Engels.
  - iii. Matige Prestasiebeskrywing (vlak 3) in Wiskunde.
  - iv. Matige Prestasiebeskrywing (vlak 3) in enige twee van die oorblywende goedgekeurde vakke.
3. Immigrantleerders mag van een amptelike taal vrygestel word.
4. Progressie mag slegs een maal in die Intermediêre Fase toegepas word om te verhoed dat 'n leerder in hierdie fase vir 'n periode langer as vier jaar teruggehou word.
5. 'n Leerder wat nie gereed is om aan die verwagte vlakvereistes te voldoen nie en in die eerste fase reeds vir 'n periode van vier jaar of langer teruggehou is en moontlik weer vier jaar in die tweede fase teruggehou sal word, moet die nodige ondersteuning kry.

## **BEVORDERINGSVEREISTES SENIOR FASE : GRAAD 7**

### 1. Bevorderingsvereistes vir Graad 7-9.

Algemeen: Leerders in graad 7-9 sal van graad na graad bevorder word indien hulle aan die vereiste nege vakke voldoen het en die skoolgebaseerde assesseringkomponent van die nege vakke voltooi is.

- (a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4 ) in Afrikaans.
  - (b) Matige Prestasiebeskrywing ( Vlak 3 ) Engels.
  - (c) Matige prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde.
  - (d) Matige prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige drie van die ander vereiste vakke
  - (e) 'n Basiese Prestasiebeskrywing (Vlak 2) in enige twee van die oorblywende vereiste vakke.
2. Progressie mag slegs een maal in die Senior Fase toegepas word om te verhoed dat 'n leerder in hierdie fase vir 'n periode van vier jaar of langer teruggehou word.
3. 'n Leerder wat nie gereed is om aan die vlakvereistes te voldoen nie, en in een van die eerste fases reeds vir 'n periode van vier jaar of langer teruggehou is, en moontlik weer vir vier jaar in die derde fase teruggehou sal word, moet nodige ondersteuning kry.

## **Kultuur aangebied per kwartaal vir primêre leerders:**

	Gr. 1 - 3	Gr. 4 - 7
Kwartaal 1	Skaak Koor Redenaars	Skaak Koor Landsdiens Redenaars
Kwartaal 2	Skaak Koor	Skaak Koor Landsdiens
Kwartaal 3	Skaak Koor Konsert	Skaak Koor Landsdiens Konsert
Kwartaal 4	Skaak Koor	Skaak Koor Landsdiens

**Vakonderwysers:**

<b>Gr. 4</b>	Afr.	Afrikaans	Me. Munro
	Eng.	Engels	Me. Bäcker
	Wisk.	Wiskunde	Me. Venter
	NW & Teg.	Natuurwetenskap en Tegnologie	Me. Venter
	SW.	Sosiale wetenskappe	Me. Nagel
	LV.	Lewensvaardighede	Me. Nagel
<b>Gr. 5</b>	Afr.	Afrikaans	Me. Munro
	Eng.	Engels	Me. Bäcker
	Wisk.	Wiskunde	Me. Daneel
	NW & Teg.	Natuurwetenskap en Tegnologie	Me. Van der Walt
	SW.	Sosiale wetenskappe	Me. Nagel
	LV.	Lewensvaardighede	Me. Nagel
<b>Gr. 6</b>	Afr.	Afrikaans	Me. Human
	Eng.	Engels	Me Theron
	Wisk.	Wiskunde	Mnr. Ferreira
	NW & Teg.	Natuurwetenskap en Tegnologie	Me. Fullard
	SW.	Sosiale wetenskappe	Me. Daneel
	LV.	Lewensvaardighede	Me. Human / Venter
<b>Gr. 7</b>	Afr.	Afrikaans	Mnr. Janse van Rensburg
	Eng.	Engels	Me Theron
	Wisk.	Wiskunde	Mnr. Martin
	NW.	Natuurwetenskap	Me. Van der Walt
	SW.	Sosiale wetenskappe	Mnr. Ferreira
	LO.	Lewensoriëntering	Me Theron / Mnr. Janse van Rensburg
	EBW.	Ekonomiese bestuurwetenskappe	Me. Van der Walt
	Teg.	Tegnologie	Me. Mnr. Janse van Rensburg
	SK	Skeppende kuns	Me. Fullard



## Sportsoorte aangebied per kwartaal vir primêre leerders:

	Gr. 1 - 3	Gr. 4 - 7
Kwartaal 1	<p>Swemgala (Geen oefening) Swemmers moet self by 'n klub aansluit en oefen.</p> <p>Dogters: Mini-Netbal</p> <p>Seuns: Mini-Krieket</p>	<p>Swemgala (Geen oefening) Swemmers moet self by 'n klub aansluit en oefen.</p> <p>Dogters: Netbal Netbal – aandreeks Hokkie – aandreeks</p> <p>Seuns: Krieket Rugby – aandreeks Rugby (O/10 en O/11) begin oefen die laaste 2 weke van die kwartaal</p> <p><b>Slegs eerstespanne (rugby, netbal en hokkie) neem deel aan die aandreeks.</b></p>
Kwartaal 2	<p>Landloop</p> <p>Dogters: Mini-Netbal</p> <p>Seuns: Mini-Rugby</p>	<p>Landloop</p> <p>Dogters: Netbal</p> <p>Seuns: Rugby</p>
Kwartaal 3	<p>Atletiek – sportdag vir almal Atletiek byeenkomste vir O/9</p> <p>Landloop</p> <p>Dogters: Mini-Hokkie</p> <p>Seuns: Mini-Hokkie</p>	<p>Atletiek vir almal O/9 – O/13</p> <p>Landloop</p> <p>Dogters: Hokkie</p> <p>Seuns: Hokkie</p>
Kwartaal 4	<p>Dogters: O/7 – O/9 Mini-Netbal voorbereiding vir die volgende jaar.</p> <p>Seuns: O/7 – O/9 Mini-Krieket (met 'n sagtebal) en Krieket vir O/9 (met 'n harde bal) - voorbereiding vir die volgende jaar.</p>	<p>Dogters: O/10 – O/12 Netbal voorbereiding vir die volgende jaar.</p> <p>Seuns: O/10 – O/12 Krieket voorbereiding vir die volgende jaar.</p>

# Primêre organiseerders van sport en kultuur 2020:

## Dogters:

<b>Netbal</b>	<b>Kwartaal 4, 1 en 2 (Wedstryde net in kwartaal 1 en 2)</b>
O/7 - O/9 (mini)	Juf. Van Staden
O/10 - O/13	Juf. Martin

<b>Hokkie</b>	<b>Kwartaal 3</b>
O/7 - O/9 (mini)	Juf. Britz
O/10 - O/13	Juf. Venter

## Seuns:

<b>Krieket</b>	<b>Kwartaal 1 en 4</b>
O/7 - O/9 (mini)	Juf. Fullard (Wedstryde in kwartaal 1 en 4)
O/10 - O/13	Mnr. Martin (Wedstryde net in kwartaal 1)

<b>Rugby</b>	<b>Einde kwartaal 1 en kwartaal 2 (Wedstryde net in kwartaal 2)</b>
O/7 - O/9 (mini)	Mnr. Reeder
O/10 - O/13	Mnr. Martin

<b>Hokkie</b>	<b>Kwartaal 3</b>
O/7 - O/9 (mini)	Juf. Britz
O/10 - O/13	Juf. Venter

## Seuns en Dogters:

<b>Swem (Jnr.)</b>	Juf. Du Plessis	Kwartaal 1
<b>Swem (Snr.)</b>	Mnr. Van Rensburg	Kwartaal 1
<b>Tennis</b>	Juf. Nagel	Kwartaal 1 en 2
<b>Atletiek (Jnr.)</b>	Juf. Havemann	Kwartaal 3
<b>Atletiek (Gr. 3 - 7)</b>	Juf. Fullard	Kwartaal 3
<b>Skaak</b>	Juf. Du Plessis	Kwartaal 1 - 4
<b>Landsdiens</b>	Juf. Van der Walt	Kwartaal 1 - 4
<b>Koor (Jnr.)</b>	Juf. Havemann	Kwartaal 1 - 4
<b>Koor (Snr.)</b>	Juf. Human	Kwartaal 1 - 4

# Primêre Kontroletoes 2020

Kwartaal 1				Kwartaal 2				Kwartaal 3			
Datum	Dag	Gr	Vak	Datum	Dag	Gr	Vak	Datum	Dag	Gr	Vak
		4				4				4	
		5				5				5	
		6				6				6	
		7				7	Afr			7	Eng
<b>30-Jan</b>	<b>Do</b>	4	Afr	<b>07-Apr</b>	<b>Di</b>	4		<b>20-Jul</b>	<b>Ma</b>	4	
		5	Eng			5				5	
		6	Eng			6				6	
		7	Afr			7	Afr			7	Eng
<b>06-Feb</b>	<b>Do</b>	4	Eng	<b>16-Apr</b>	<b>Do</b>	4	Afr	<b>23-Jul</b>	<b>Do</b>	4	Afr
		5	Afr			5	Eng			5	Eng
		6	Afr			6	Eng			6	Afr
		7	Eng			7	SK			7	Afr
<b>13-Feb</b>	<b>Do</b>	4	Wisk	<b>23-Apr</b>	<b>Do</b>	4	Eng	<b>30-Jul</b>	<b>Do</b>	4	Eng
		5	Wisk			5	Afr			5	Afr
		6	NW & Teg			6	Afr			6	Eng
		7	Wisk			7	Eng			7	Wisk
<b>20-Feb</b>	<b>Do</b>	4	SW	<b>30-Apr</b>	<b>Do</b>	4	LV	<b>06-Aug</b>	<b>Do</b>	4	Wisk
		5	NW & Teg			5	Wisk			5	SW
		6	SW			6	LV			6	Wisk
		7	SW			7	NW			7	NW
<b>27-Feb</b>	<b>Do</b>	4	NW & TEG	<b>07 - Mei</b>	<b>Do</b>	4	Wisk	<b>20-Aug</b>	<b>Do</b>	4	SW
		5	SW			5	LV			5	Wisk
		6	Wisk			6	Wisk			6	NW & Teg
		7	NW			7	WISK			7	SW
<b>02-Mar</b>	<b>Ma</b>	4		<b>14 - Mei</b>	<b>Do</b>	4	NW & Teg	<b>27-Aug</b>	<b>Do</b>	4	NW & Teg
		5				5	SW			5	NW & Teg
		6				6	NW & Teg			6	SW
		7	EBW			7	TEG			7	TEG
<b>05-Mar</b>	<b>Do</b>	4		<b>21 - Mei</b>	<b>Do</b>	4	SW	<b>03-Sep</b>	<b>Do</b>	4	
		5				5	NW & Teg			5	
		6				6	SW			6	
		7	Teg			7	SW			7	EBW
		4		<b>29 - Mei</b>	<b>Vry</b>	4	Wisk Hoofrek				
		5				5	Wisk Hoofrek				
		6				6	Wisk Hoofrek				
		7				7	LO eksamen				

**Eksamenrooster: Primêr Graad 4 - 7 (Junie 2020)**

<b>Datum</b>	<b>Dag</b>	<b>Graad 4</b>	<b>Graad 5</b>	<b>Graad 6</b>	<b>Graad 7</b>
<b>29 Mei</b>	<b>Vrydag</b>	<b>Wiskunde hoofrekeninge</b>			<b>LO</b>
<b>01 Junie</b>	<b>Maandag</b>	Wiskunde	SW Geografie	Engels	NW
<b>02 Junie</b>	<b>Dinsdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	Wiskunde
<b>03 Junie</b>	<b>Woensdag</b>	NW & Teg	Engels	SW Geografie	<b>Blok</b>
<b>04 Junie</b>	<b>Donderdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	EBW
<b>05 Junie</b>	<b>Vrydag</b>	Afrikaans	SW Geskiedenis	Wiskunde	Afrikaans
<b>08 Junie</b>	<b>Maandag</b>	SW Geografie	Wiskunde	Afrikaans	SW Geografie
<b>09 Junie</b>	<b>Dinsdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	Engels
<b>10 Junie</b>	<b>Woensdag</b>	Engels	Afrikaans	SW Geskiedenis	<b>Blok</b>
<b>11 Junie</b>	<b>Donderdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	Tegnologie
<b>12 Junie</b>	<b>Vrydag</b>	SW Geskiedenis	NW & Teg	NW & Teg	SW Geskiedenis

**Eksamenrooster: Primêr Graad 4 - 7 (November 2020)**

<b>Datum</b>	<b>Dag</b>	<b>Graad 4</b>	<b>Graad 5</b>	<b>Graad 6</b>	<b>Graad 7</b>
<b>29-Oct</b>	<b>Donderdag</b>	<b>Wiskunde hoofrekeninge</b>			LO
<b>30-Oct</b>	<b>Vrydag</b>	Wiskunde	SW Geografie	Wiskunde	Wiskunde
<b>02-Nov</b>	<b>Maandag</b>	SW Geografie	Wiskunde	Engels	Afrikaans
<b>03-Nov</b>	<b>Dinsdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>
<b>04-Nov</b>	<b>Woensdag</b>	Afrikaans	Engels	SW Geografie	SW Geografie
<b>05-Nov</b>	<b>Donderdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	EBW
<b>06-Nov</b>	<b>Vrydag</b>	Engels	Afrikaans	Afrikaans	Tegnologie
<b>09-Nov</b>	<b>Maandag</b>	SW Geskiedenis	NW & Teg	NW & Teg	NW
<b>10-Nov</b>	<b>Dinsdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>
<b>11-Nov</b>	<b>Woensdag</b>	NW & Teg	LV	SW Geskiedenis	Engels
<b>12-Nov</b>	<b>Donderdag</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	<b>Blok</b>	Skeppende Kuns
<b>13-Nov</b>	<b>Vrydag</b>	LV	SW Geskiedenis	LV	SW Geskiedenis